**Dinsdag 9 Mei**
**Skrifgedeelte: Hooglied 3:1-5**
**Fokusgedeelte: Hooglied 3:4-5**
**God het ons opgesoek in sy genade, wil ons ook by Hom wees?**

Die vrou in hierdie liefdesgedig word beskryf as iemand wat op soek is na die een wat haar siel liefhet. Eers kry sy hom nie by haar nie, maar dan begin sy met 'n soektog. Sy gaan uit in die nag, in die stad in, deur strate, verby die wagters van die stad, alles sodat sy haar geliefde kan vind. Let op dat sy hou nie op totdat sy hom gevind het nie. Die nagtelike ure en die ongemak en al die dinge wat daarmee saamgaan, hou haar nie terug nie. Sien, haar optrede lyk irrasioneel tensy jy raaksien dat sy soek na die een wat haar siel voor lief is. Dit beteken dat sy kan nie rus kry in haar siel totdat sy haar sielsbeminde gevind het nie.

Hierdie soektog van die vrou herinner mens aan God wat ons in sy genade kom opsoek het. Soveel as wat hierdie vrou se liefde in haar brand, is dit niks in vergelyking met God se liefde vir ons nie. Die Seun moes kruis toe gaan, sodat ons weer in die Vader se arms kan wees. Christus moes opgaan Golgota toe sodat ons weer God se teenwoordigheid kan beleef.

Dit laat ons met die vraag: Wil ons by God wees? Sien, as jy werklik die liefde van God verstaan, dan sal jou optrede niks minder wees as 'n totale oorgawe van dankbare liefde nie. Al die ongemak en gevare keer jou nie, want jou siel begeer God en sy wil. Soek jy die koninkryk van God soos die man wat 'n skat gevind het (Matt. 13:44-46)? Self sal ons nooit die arms van ons Vader waardeer as die Gees nie ons harte verander nie. Hy het jou klaar opgesoek, verlustig jouself om by Hom te wees.

*Sing: Psalm 4-1:2-4*

*JA Coetsee (Jandré) (teologiese student)*